
# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# Koninkrykstyd

**1 SEPTEMBER 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **14**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Diens van Barmhartigheid | **Ons Diens van Barmhartigheid in die Vrystaat**

## 05 ARTIKELS

05 Verbi Divini Minister | **'n Reeks oor musiek en sang in die erediens**

05 Bedieningsbegeleiding | **Fasiliterende leierskap - 31 Julie tot 2 Augustus**

05 Vennote in Getuienis | **Huwelik en huweliksverbintenis in Islam**

05 Visionering | Moderamen: **"Ja, oral is ons God!"**

05 Ondersteuning | **Die - Som + Van x Alles = Kommunikasie**

05 Afrika-Ekumene | **'n Roeping wat Afrika-lande verbind: Getuienisse oor Zambië**

06 Argief | **Merkwaardige Kerkargiefkonferensie** *Eerste dokumente, Laaste dokumente*

## 07 DIS 'N RING-DING

07 Ring-projekte | **Ring van Heilbron**

## 09 MEDIATEEK

09 Boek en Inventaris | ***Finally Comes the Poet: Daring Speech for Proclamation***

## 10 EKOLOGIE

10 **Kuzipa Nalwamba**: *'n Afrika-perspektief op koinonia*

## 11 AKTUEEL ALGEMEEN

11 Bybelmedia-projek | TOIBO

12 Advertensies

13 2024/2025 MTh in Spiritualiteit

## 14 OPLEIDING

## 15 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 16 KALENDER

## 17 BETREKKINGS

## 18 VERJAARSDAE

## 19 *BLÊR*-REEKS KINDERSTORIES

## 21 'N LAASTE GEDAGTE

## 22 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Dr Suzanne van der Merwe
Ds Nadine van Rooyen
Dr Enrico Casaleggio
Ds Jan Lubbe | Dr Nina Müller van Velden
Bybelmedia | Kerkbode
Getuienisaksie Eenheids-bediening | VrydagNuus, Kaapkerk | Martin Schwella

---

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

**GERONTOLOGIE NETWERK**
**13 SEPTEMBER** | 10:30-12:30
Tema: *Die verwerking van verlies en traumas. Letsels van die verlede.*
Spreker: Prof Jan-Albert van den Berg.

**GRATIS** | NG Gem Aandbloem

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 15 September**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za




VRYPOS-FOKUS

# Ons Diens van BARMHARTIGHEID in die Vrystaat

DEUR MARIËTTE ODENDAAL

***"Ons fokus op die nood van die mens in al sy vorme en probeer sodoende om hierdeur 'n menswaardige bestaan vir almal na te jaag."***

- ***Ds De la Harpe le Roux***

Sedert 1 Maart vanjaar is ds De la Harpe le Roux as uitvoerende amptenaar by die sinodale bediening van die Diens van Barmhartigheid aangestel.

Ons het by De la Harpe gaan hoor hoe dit in die nuwe pos gaan en watter uitdagings, behoeftes en fokusse daar op die tafel van hiérdie onontbeerlike sinodale bediening lê.



**Foto:** *Canva.com*

Hy vertel: "Die Diens van Barmhartigheid is nog in 'n proses om gevestig te raak en daarom gee ons op die stadium baie aandag aan die ontwikkeling van 'n meer omvattende beskrywing van ons fokus en werksaamhede.

"Ons fokus op die nood van die mens in al sy vorme en probeer sodoende om hierdeur 'n menswaardige bestaan vir almal na te jaag. Hierin is daar 'n voortdurende soeke na vennote en die noodsaak om netwerke oor die hele spektrum te bou.

"Die Diens van Barmhartigheid se werksaamhede fokus hoofsaaklik op twee sake, naamlik noodleniging en geregtigheid."

Dit klink na 'n mondvol. Watter dienste en ondersteuning val alles onder die noodlenigingsaspek?

"Noodleniging verwys na die verligting van onmiddellike nood, en kan verder onderskei word in onmiddellike nood, die herstel van nood en die versorging van nood.

"Wat **onmiddellike nood** betref, sluit dit basiese behoeftes soos die beskikbaarstelling van sopkombuise, kospakkies, klere en komberse, nagskuilings en so meer, in. In samewerking met die nie-regeringsorganisasie, Torings van Hoop, het verskeie gemeentes byvoorbeeld vanjaar deelgeneem aan die jaarlikse nasionale Winterhoop-inisiatief waar komberse, warm klere en kos ingesamel en uitgedeel is aan mense wat swaarkry. Behalwe die Tweetoring-gemeente in Bloemfontein, het NG Kerk gemeentes van Pellissier, Fichardtpark, Heuwelsig, Edenburg, Ladybrand, Ficksburg, Kroonstad, Viljoenskroon en Sasolburg-Fontein hierby ingeskakel.

"Ons staan ook mense by wat maatskaplike krisisse ondervind. Hier maak ons dan gebruik van 'n noodlyn en traumaberading. 'n Ooreenkoms is met **Childline SA** gesluit om van hulle 24 uur-noodlyn gebruik te maak waar gemeentes maatskaplike krisisse kan rapporteer as hulle nie geholpe kan raak met die bepaalde welsynsorganisasie wat hul area moet bedien nie. Ofskoon die ooreenkoms al net vanaf 1 Junie 2023 vir 'n proeftydperk van ses maande in werking is, is daar alreeds twee gemeentes op die platteland gehelp waar ernstige maatskaplike krisisse gerapporteer is.

"Ons staan ook gemeenskappe by wat met rampe te kampe het en ondersteun hulle met reaksieplanne en ons Hoopfonds. Die Diens van Barmhartigheid Vrystaat werk saam met Diaconia in Sinode Wes-Kaapland om nie net 'n strategiese netwerk van opgeleide vrywilligers en vennootskappe in die Vrystaat op te bou nie, maar om ook strategies met rolspelers van ander kerke op nasionale vlak 'n groter rampbestuursnetwerk op te bou wat die hele Suid-Afrika tot diens kan wees.

Lees meer »

VRYSTAAT

# BRANDE

## HELP ONS OM DIE BOEREVERENIGINGS TE HELP

met **finansiële bydraes vir brandstof** om voer na die areas wat deur die brande verwoes is, te neem.

# HOOPFONDS

**ONS KORT JOU HULP!**

**NG Kerk Vrystaat**

**Nedbank | Tjekrekening 1178 097 218 | Takkode 198765**

**Verwysing: VS-Brande**

Diens van Barmhartigheid, ds De la Harpe le Roux

083 232 1051 /dlh@ngkvs.co.za



# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

### ‘n Reeks oor musiek en sang in die erediens

*Dr Suzanne van der Merwe*
*Erediens Netwerk*



**Lees hier »**

BEDIENINGSBEGELEIDING

GOUF-fasilitering

### Fasiliterende leierskap 31 Julie tot 2 Augustus

*Ds Johan David, Leraar van NG Gemeentes Bloemfontein-Wes en Uitsig*



**Lees hier »**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

### Huwelik en huweliksverbintenis in Islam

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



**Lees hier »**

VISIONERING

Moderamen

### “Ja, oral is ons God!”

*Ds Jan Lubbe*
*Voorsitter van die Moderamen*



**Lees hier »**

AFRIKA-EKUMENE

Afrika-Ekumene

### ’n Roeping wat Afrika-lande verbind: Getuienisse oor Zambië

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*




**Lees hier »**

ONDERSTEUNING

Kommunikasie-kursus

### *Die - Som + Van x Alles = Kommunikasie*

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier »**

# ARTIKELS

ARGIEF

# Merkwaardige **Kerkargiefkonferensie**

## *EERSTE DOKUMENTE, LAASTE DOKUMENTE*

DEUR MARIËTTE ODENDAAL




*Foto deur Carlie Niehaus*

"Die verlede is 'n ander land: waar is die pad wat daarheen voer? Die verlede is 'n ander land, onbereikbaar in sy verte, en wat daaruit herwin kan word, wat daaruit behou kan word, dra jy met jou saam."

**Karel Schoeman**
*Die uur van die engel*

Op **Woensdag 23 Augustus** het die NG Kerk Vrystaat 'n Kerkargiefkonferensie met die tema *Eerste dokumente, Laaste dokumente* in die ouditorium van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein aangebied. Tydens hierdie besondere konferensie is daar op enkele van die mees historiese dokumente oor die verhaal van ons kerkfamilie in Suider-Afrika gefokus. Dit is bygewoon deur talle kerkhistorici, navorsers, leraars, teologiestudente en ander belangstellendes.

**Ons het by ds Jan Lubbe, kerkhistorikus en voorsitter van die Kerkargiefkomitee van die NG Kerk Vrystaat, gaan uitvind waarom dit so belangrik is om van dié argief kennis te neem.**

"Jou eie lewensverhaal is deel van 'n heel groter verhaal. Argiefbewaarplekke behoort ruimtes te bied waar mense tot selfontdekking kom. Nie net lidmate nie, maar ook mense wat in genealogie, eiendomme en argitektuur belangstel, kan hier kosbare inligting vind.

"Die NG Kerkargief in Bloemfontein is al byna 60 jaar oud met 'n versameling van kosbare, unieke bronne. Dit was in die laat-1950's toe die kerk besluit het dat argief-versamelings en kosbare dokumente van gemeentes bewaar en beskerm moet word. Die Kerkargief is dus 'n belangrike bron van dienslewering aan gemeentes en hierdie band moet bevestig word en bly; die konferensie was 'n noodsaaklike middel tot hierdie doel.

Lees meer »

# DIS 'N RING-DING

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

## Ring van Heilbron

*"Dié fonds het dit vir verskeie gemeentes in ons ring moontlik help maak om barmhartigheidsdiens aan vele verdienstelike behoeftes te lewer."*

- ***Ds Gerrit Strydom**, skriba van die Ring van Heilbron*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun en plaaslike bedieninge sodoende te help bemagtig. Die fondse word deur Bedieningsbegeleiding (GOUF-uitbreiding) en Vennote in Getuienis bewillig. Ringe maak self 'n keuse oor die aanwending daarvan.

Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word.

"Wat die Ring van Heilbron betref, is daar by die sinodale bediening Diens van Barmhartigheid ingeskakel, aangesien daar reeds geïdentifiseerde projekte daarvoor was," vertel ds Gerrit Strydom, skriba van die Ring van Heilbron en predikant van die NG Kerk Reitz.

### Ons het meer by ds Strydom gaan uitvind oor hoe dié fonds in hul ring aangewend is.

"Die fonds het dit vir verskeie gemeentes in ons ring moontlik help maak om barmhartigheidsdiens aan vele verdienstelike behoeftes te lewer.

"Heilbron Moedergemeente het byvoorbeeld besluit om 'n familie by te staan wat gesukkel het om genoeg bymekaar te maak vir 'n begrafnis. Hiermee het hulle daarin geslaag om op 'n praktiese manier die liefde van Christus sigbaar te maak.

"By die Heilbron-Suid-gemeente het hulle 'n toegekende bedrag gebruik om ekstra voorraad in die vorm van beddegoed te koop vir 'n gemeenskapprojek waarby hulle betrokke is. In hierdie geval is kos en klere aan hulpbehoewendes verskaf. "By die gemeentes van Koppies, Koppies-Weltevrede en Oranjeville is daar op plaaslike vlak bydraes gelewer tot die bestaande barmhartigheidstrukture.

**Lees meer** »

AANDBLOEM GEMEENTE
in samewerking met die **Gerontologie Netwerk** bied met trots aan

*Gratis*

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

# DIE VERWERKING VAN VERLIES EN TRAUMAS

***LETSELS VAN DIE VERLEDE***





## SPREKER

**PROF JAN-ALBERT**
VAN DEN BERG

www.youtube.com/watch?v=83A8k-8HfGw

NG GEMEENTE
**AANDBLOEM**

**13 SEPTEMBER**
10:30 - 12:30


**082 783 0730**
**WhatsApp "JA"** om te RSVP | 31 AUG

# *FINALLY COMES THE POET*

## *Daring Speech for* ***Proclamation***

Skrywer | **Walter Brueggemann**

*ENGLISH, PAPERBACK*
*AUGSBURG FORTRESS PUBLISHERS*




*"The Christian gospel, says Brueggemann, is too easily preached and heard. Too often technical reason and excessive religious certitude reduce the gospel to coercive, debilitating pietisms that mask the text's meaning and freeze the hearers heart. With skill and imagination, Brueggemann demonstrates how the preacher can engage in daring speech-differently voiced and therefore differently heard. This speech, as suggested by the Bible itself, is "poetic" speech, enabling the preacher to forge communion in the midst of alienation, bring healing out of guilt, and empower the hearer for "missional imagination." As an alternative to theological/homiletical discourse that is moralistic, pietistic or scholastic, Brueggemann proposes preaching that is artistic, poetic, and dramatic. The basis for the 1989 Lyman Beecher Lectures at Yale Divinity School, Finally Comes the Poet is a unique and transforming guide for powerful preaching."*

***Oorgeneem uit*** *© 1996-2023, Amazon.com, Inc. or its affiliates*

## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.



# ’n Afrika-perspektief op koinonia

# KUZIPA NALWAMBA

## EKO-TEOLOOG

**Oorgeneem** | *VrydagNuus Kaapkerk, 1 September 2023*

David Botha, eko-korrespondent van Getuienisaksie NG Kerk Wes-Kaapland, deel hierdie week met ons ’n besondere bydrae oor die eko-teoloog Kuzipa Nalwamba. Botha se ontmoeting met haar het hom bekend gestel aan die geskenk wat Afrika-spiritualiteit vir teologie in die algemeen en vir eko-teologie in die besonder is. Sy bring teologie en ekologie as volg bymekaar: “If relationships matter, then the common good is what determines where the church directs its service. A global emergency like climate change should signal the direction of service to address the common ill that threatens all of life.” Kuzipa Nalwamba is in Zambië gebore en is ’n geordende predikant van die *United Church of Zambia* (UCZ). Sy het ’n doktorsgraad in eko-teologie aan die Universiteit van Pretoria behaal. Op die oomblik is sy ’n dosent aan die *Bossey Ecumenical Institute* by die Universiteit van Genève, Switserland, en ook die programdirekteur vir die afdeling *Unity and Mission* van die Wêreldraad van Kerke (WRK). Lees meer oor haar insigte **hieronder**.

**DAVID** P BOTHA

GETUIENISAKSIE
Eenheidsbediening
• VGKSA Streeksinode Kaapland
• NG Kerk in Suid-Afrika
• Reformed Church in Africa


**Lees hier**


BYBEL-
BOUBLOKKE
BOU SAAM MET ONS
Elke **BybelBouBlok** wat jy skenk,
bou ander op in hulle geloof
BM
Bybel-Media
ONDERSTEUN


BIDDAG VIR DOWES
3 SEPTEMBER 2023
ONDERSTEUN KINDERS MET GESTREMDHEDE, ONDERSTEUN TOIBO!
Casual Day
Share a Smile
NCPD
Ondersteun persone met gestremdhede en TOIBO deur vanjaar vir 1 Sept jou LOSLITDAG-PLAKKER by TOIBO te bestel. Slegs R20 donasie per plakker. Kontak toibo@imaginet.co.za
TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
Duxburyweg 174, Hillcrest, Pretoria Tel 012-362 0660
E-pos: toibo@imaginet.co.za www.toibo.org.za




Academic and Theology Books
Klik hier

CLF'S
BOOK CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
BIBLE STUDY, SPIRITUAL GROWTH, JESUS, DEVOTIONAL, INSPIRATIONAL
info@clf.co.za
021 873 6964
Klik hier





New Publications
Klik hier

10% afslag
WORD & worship
Preaching Resources and Liturgical Material
Based on the readings from the Revised Common Lectionary – Year B
Advent 2023 to Pentecost XXVI 2024
tot 30 September 2023. Netto prys. BTW ingesl. Posgeld uitgesl.
E-pos: order@clf.co.za / Koop aanlyn: shop.clf.co.za
Klik hier




VERKOOPSAGENTE VIR CLF BOEKSENTRUMS
CLF bied individue, gemeentes of organisasies die geleentheid om as Verkoopsagente vir CLF Boeksentrums aan te sluit.
1. SLUIT AAN
Kontak CLF om die nodige ooreenkomste en dokumentasie te voltooi om as Verkoopsagent vir 'n CLF Boeksentrum te registreer.
3. BEMARK
Verkoopsagente bemark die produkte deur die CLF Boeksentrum aan hulle netwerke, wyer ge-meentes en op hulle digitale platvorms om sodoende verkope te genereer.
2. PRODUKTE
Verkoopsagente ontvang die fisiese voorraad produkte soos ooreen-gekom wat in of deur die
4. VERDIEN
Verkoopsagente ontvang maandeliks kommissie, soos ooreengekom vir alle verkope van die vorige maand (en waarvoor
Klik hier

DURBANVILLE BOEKWINKEL
MAAK BINNEKORT
CLF BOOKSHOP BOEKWINKEL
OOP
Klik hier




ONS DERDE VRYSTAATSE VROUEWEGBREEKNAWEEK
EINGEDI RETREAT NABY LADYBRAND
13 TOT 15 OKTOBER 2023
TEMA: WAT HET VREUGDE EN SAPPIGHEID MET MEKAAR TE DOEN?
AANBIEDER: PRETPRATER ELSABE ALDRICH
GASSPREKER: BLYDSKAPKENNER JOHANNES DE VILLIERS
Die naweektarief van R1800 sluit die volgende in:
• 2 nagte se verblyf in goedtoegeruste chalets
• 5 heerlike bederf-maaltye
• 4 Sappige Sessies deur Elsabe
• 1 Blydskapsleerskool deur Johannes
• Skryfboek, pen en ander verrassings
Vir besprekings kontak Jolanda Visser by 0828520610. Meld hoeveel in julle groepie is. 'n Deposito van R500 maak jou plek vas. Die res van die bedrag kan in paaiemente oor die volgende vier maande inbetaal word. Teen 30 September is die volle bedrag betaalbaar. Stuur betaalbewys na Jolanda by g.visser@mweb.co.za
Bankbesonderhede: E Aldrich ABSA tjekrek 4044347765 Bankkode: 334210
Elsabe se selnommer vir enige navrae: 0828959899 of 0832328784
Blydskap
Klik hier




1873 - 2023
GOD SE LEWEGEWENDE STROOM
Die verhaal van die NG Gemeente Frankfort
Dr Gerdie van der Merwe VDM
BESPREEK VOORAF!
R500
NG KERK FRANKFORT
FNB
TAK KODE: 230433
REK NR: 62638590126
VERWYSING: Gedenkboek & Naam
Inligting: 060 524 2049
Klik hier




BONfire
BRAAI MASTERS
Good meat, by good people
ARE YOU BLOEMFONTEIN'S
BEST BRAAIER?
WE ARE LOOKING FOR THE
BONFIRE BRAAI MASTER 2023!
20 teams will compete against each other at the BONfire Braai Masters competition taking place on the rooftop at BON Hotel Bloemfontein Central in celebration of Heritage Day in the ultimate urban braai-off!
WHEN
Saturday, 23 September 2023 from 10h00
WHERE
BON Hotel Bloemfontein Central rooftop parking lot
HOW
R3000 per team of two, gets you:
• all your ingredients from the pantry
• your spot on the roof
• awesome prizes up for grabs
you will be judged on team spirit, your stand, quality of the coals, technique, preparation, taste, and presentation
WHAT
Contestants need to bring:
gazebo, a braai, wood/charcoal, utensils, pots, pans, cutlery, crockery, table, chairs, linen, branded items
GIVING BACK TO
HOPE
BON HOTEL BLOEMFONTEIN CENTRAL
AWESOME PRIZES | GOOD MUSIC | CASH BAR
Klik hier



# MTh
# IN SPIRITUALITEIT
# 2024/2025

*'n Unieke nagraadse program*

**Universiteit van die Vrystaat**

THEOLOGY AND RELIGION
UFS

Gesprekke en ervarings rondom spiritualiteit in die Christelike geloof het die afgelope paar jaar toenemend aandag geniet, ook in die NG Kerk-familie. Die Universiteit van die Vrystaat bied 'n unieke twee-jaar nagraadse MTh-program in Spiritualiteit aan, vir die bevordering van navorsing in hierdie veld.

Belangstellendes vir die 2024-2025 inname kan meer inligting oor die inhoud en formaat van die program in die meegaande brosjure vind en word uitgenooi om kontak te maak met me Annelize Dreyer by dreyera@ufs.ac.za.

## Mode of delivery

The programme has a minimum duration of two years and will start in February 2024 with the presentation of one module per semester. Students are required to do self-study using a prescribed reading list and to submit assignments. Once a semester, students are required to attend a compulsory meeting block of not more than three days at the Faculty of Theology and Religion, situated at the main campus of the University of the Free State.

## Requirements for admission

Requirements for admission and academic articulation: A four-year degree in Theology or, alternatively, a three-year Bachelors degree followed by an Honours degree. The successful completion of the Masters programme in Spiritualty, based on certain requirements, provides students access to enrolment for a PhD in Spirituality.

**Cost of the program**


The University of the Free State yearly stipulates the cost of the programme. It is possible to apply for a limited number of available bursaries.




Contact details:
theology@ufs.ac.za

Annelize Dreyer
Practical and Missional Theology
051 401 3430
DreyerA@ufs.ac.za


THEOLOGY AND RELIGION
UFS



**MTh in Spirituality**

"... the lived experience of Christian faith and discipleship"

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034

UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA | UFS THEOLOGY AND RELIGION

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## Pastorale Beradingskursus

**24 Oktober 2023** | 'n Aanlyn Pastorale Beradingskursus via Zoom deur prof Wentzel Coetzer, met die tema: *Aandagafleibaarheid en die Pastoraat*.

Lees meer + Registreer +

## NUUT Lentekonferensie 2023

**19 - 21 September 2023** | Registreer nou vir die jaarlikse Lentekonferensie, met die tema: "*As it is in Heaven". Kerkwees, die hier en nou.*

Lees meer + Registreer +

## Pastorale Beradingskursus

**9 September 2023** | 'n Pastorale Beradingskursus deur prof Wentzel Coetzer te Cornelia, Vrystaat, met die tema: *Pastorale Begeleiding van die Getraumatiseerde Persoon*. Navrae @ 083 660 0409 / e-posadres: wentzelc@gmail.com

Lees meer + Google map +

## VBO-Jaarprogram 2023

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling) se jaarprogram vir 2023.

Loer hier en teken aan +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

Bybel-Media

**Publikasie**
*In pas met Christus*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Van vrees na vrede*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Moederland*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Uit Gustav se pen: Wat NG Kerk sê oor die konsep Huwelikswetsontwerp van 2022**

*Oorgeneem uit Kerkbode / Artikels*
*29 Augutsus 2023*

***So what?***
**In gesprek met Henco van der Westhuizen: Wat doen toeloë nou eintlik?**

*Oorgeneem uit Kerkbode / Artikels*
*28 Augustus 2023*

ELDERS GELEES
**Rare Bybels uit Anglo-Boere-oorlog te sien by Dankfees op Bloemfontein**

*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus*
*25 Augustus 2023*

**Nadia Marais oor Afrikaans as geloofstaal: Praat ek mense-, eng'letale**

*Oorgeneem uit Kerkbode / Artikels*
*Nadia Marais, 22 Augustus 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**




**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus hier op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS

NUUT
NG Kerk Vrystaat
NG GEMEENTE
**FICHARDTKRUIN**
GEMEENTE-BESTUURDER
Sluit: **13 September 2023**

NUUT
NG Kerk Vrystaat
NG GEMEENTE
**BETHLEHEM-NOORD**
LERAARSPOS
Sluit: **29 September 2023**

NG Kerk Vrystaat
NG GEMEENTES
**JAGERSFONTEIN & FAURESMITH**
KONTRAK-LERAAR
Sluit: **30 November 2023**

NG Kerk Vrystaat
NG GEMEENTE
**ODENDAALSRUS-OOS**
LERAARSPOS
Oop vir aansoeke **totdat pos gevul word**

ALGEMENE SINODE
**NG KERK**
ALGEMENE SEKRETARIS
Sluit: **1 September 2023**

GEMEENSKAPSKERK
**SUNWARDPARK**
LERAARSPOS BOKSBURG
Sluit: **29 September 2023**

*OORGENEEM UIT KERKBODE*

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**Ds Gerhard Wessels**, leraar van NG Gemeente Dagbreek, het op 31 Augustus demissie ontvang. **Ds Stefan Conradie** van die NG Gemeente Arlington/Lindley is op 21 Augustus 2023 as diensleraar na die NG Gemeente Bethlehem-Éfrata beroep. Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 17 Augustus 2023 is **proponent Lunette Basson**, van Welkom, beroep as predikant van die NG Gemeente Theunissen-Wes. *(Oorgeneem uit Kerkbode, Amptelik, 25 Augustus 2023)*

**Kerkbode**

**MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**MEER INLIGTING** | skakel@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE



Veels geluk!

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## SEPTEMBER

| | |
|---|---|
| 01 | Ds Stoffel Hellmuth<br>**ONZE RUST** |
| 03 | Ds Amos Kotze<br>**KROONSTAD** |
| 04 | Ds Jan Lubbe<br>**BERG-EN-DAL** |
| 11 | Mnr Johan Coetzer<br>**SINODALE KANTOOR** |
| 15 | Ds Dries Cronjé<br>**VILJOENSKROON** |
| 16 | Ds André Barlow<br>**HUGENOOT** |

# DIE VERLORE SKAPIE

## My Blêr!

deur MARTIN SCHWELLA



“Is dit ‘n regte hoenderhaan?” dink Leon hardop terwyl hy droomverlore die weerhaan bo-op die kerktoring bekyk. “Hmmm, ek wonder... dalk moet ek volgende keer vroeg genoeg kom, sodat ek hom kan hoor kraai.” dink Leon weer. Hy is oppad na die winkel, sy Pappa het hom gestuur vir melk en brood.

Terwyl Leon stap, kyk hy steeds na die haan. Ewe skielik begin die bome se blare ritsel en daar kom ‘n wind op wat Leon sommer laat swaai en sy skaapwolle deurmekaar waai. Die wind skiet hoog op en die weerhaan draai saam, dit maak ‘n kraak geluid wat dadelik Leon se aandag trek. “Het die haan gekraai?” dink Leon dadelik. Op daardie oomblik draai die haan net genoeg sodat die son van dit af reflekteer en verblind vir Leon vir ‘n sekonde. Leon knyp sy ogies styf toe en trap reg in ‘n plas modder.

“KARPLAKS!” daar val Leon die lammertjie met ‘n slag reg in die modderplas.

Arme Leon sit plat op sy stert in modder en blare. Hy is vuil, hy voel skaam. Die modder is van sy pootjies tot by sy oortjies. Leon sit vir ‘n oomblik net en staar voor hom uit. Terwyl hy so sit loop die modder teen hom af, amper net soos sjokolade-sous op ‘n roomys. Arme Leon. Gelukkig het niemand hom gesien nie...



Leon begin rondkyk op die grond, albei sy plakkies het sommer getrek toe hy val.

Oorkant die straat hoor hy rowwe musiek, want daar is ‘n park waar die skaatsplank-skape meeste van hul tyd spandeer. Leon staan op en hy probeer soveel modder moontlik afskud, maar hy is steeds vuil. Sy pragtige wit wolle is nie meer wit nie. Hy trek sy plakkies weer aan en stap sleepvoet in die winkelsentrum se rigting. “Moet ek nog gaan?” dink arme Leon. Hy is bekommerd oor wat die ander skape van hom sal dink. “Ek gaan die winkel ook mos nou vuil maak...” dink Leon weer hardop. Hy stap steeds nader.

**Lees meer hier, my BLÊR**

**TEKS: PSALM 8:1–10**

***Dr Nina Müller van Velden**, dosent in Nuwe Testamentiese Studies aan die Universiteit van die Vrystaat (UVS) en 'n leraar van die NG Kerk*

# Met die **maan** gepla

## "Vir die musiekleier. Op *Haghittiet*. 'n Psalm. Van Dawid."

*- Psalm 8:1-10 (AFR20)*

Op Woensdag 30 Augustus was ons met die maan gepla. Dit was immers 'n blou supermaan – 'n astronomiese verskynsel wat eers weer in 2037 sal voorkom. Op hierdie nag draai die maan vir die tweede keer in een kalendermaand op die naaste moontlike punt verby die aarde (vandaan die "blou" beskrywing), en vertoon dus uitermatig groot en helder (groot, groter, supermaan). Daarmee saam is dit ook die aand waarop Saturnus op sy helderste sal vertoon, naas die maan; dus 'n driedubbele bekoring vir enigeen wat hou van die ongewone en dit wat die hemelruim verklap.

Met 'n planetarium 'n klipgooi van ons huis af, was dit 'n maklike keuse om te maak: Ons gaan Naval Hill opry en deel hê aan die vertoning by die Planetarium, gevolg deur die kans om deur teleskope na beide Saturnus en die maan te kyk. YouTube en Netflix kan wag; hierdie is die "real Mckoy". Die ouditorium is volgepak, al die kaartjies binne 'n dag uitverkoop. Ek verkyk my aan die groot aantal kinders wat deel van die gehoor is, en word aangesteek deur die opwinding in die lug soos ons op ons rûe op die uitstrekstoele lê en wag vir die vertoning om te begin. Ons reis maan toe en terug, Saturnus toe en terug, en verkyk ons aan ruimtefoto's wat tot in die fynste detail die ringe van Saturnus en die oppervlak van die maan kan vasvang.

Geduldig neem ons ons plek in die ry by die teleskope in. Dit voel waaragtig soos die pannekoektafel se ry by 'n basaar. Gesprekke oor skooltake agter ons, en oud en jonk wat kort-kort met selfoonkameras in die lug in mik om 'n dowwe gezoomde foto van die supermaan vas te vang. Die laerskoolseun voor ons het spesiaal sy NASA T-hemp aangetrek vir die geleentheid, en herinner sy sibbe aan wat ons so pas geleer het oor die blou maan benaming. Hoekom spesifiek die woord "blou" kan hy nie onthou nie, maar "dis nie omdat die maan blou is nie, okay?".

Uiteindelik ons beurt.

**Lees meer** »



Dr Nina Müller van Velden en haar man, ds Wouter

# KONTAK ONS

REDAKSIE


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za




# Samestellers


Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**


**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking